



Honneurs Afrikaans en Nederlands

2022



Programkoördineerder

Prof Ilse Feinauer
Kamer 690
aef@sun.ac.za
(021) 808 2162

Oorsig oor program



In hierdie inligtingstuk is die werksaamhede van die jaar uiteengesit. Studente moet ses modules volg (**drie modules** in die **eerste semester** en **tweede semester** of **4 modules** in die **eerste semester** en **2 modules** in die **tweede semester**), plus die **verpligte module oor navorsingsmetodologie en die navorsingswerkstuk**. Minstens een van die twee modules **Formele Afrikaanse Taalkunde** en **Literêre teorie en Afrikaanse literatuur** geneem word.

Let wel:

Modules word naamlik slegs vir drie of meer studente aangebied.

DIT WORD VAN FINALEJAAR- EN NAGRAADSE STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT VERWAG OM DEPARTEMENTELE GELEENTHEDE SOOS ONDER ANDERE MIDDAGUURGESPREKKE, KOLLOKWIUMS EN GEDENKLESINGS BY TE WOON. DOSENTE KAN SOMS WERKOPDRAGTE GEE WAT VERBAND HOU MET HIERDIE GELEENTHEDE.

Modules



EERSTE SEMESTER 2022	TWEEDE SEMESTER 2022
Navorsingsmetodologie (verpligtend) (dr A Marais, mee M Blom de Wet en M Snyman van der Watt)	Afrikaanse prosa (prof A Visagie)
Toegepaste Afrikaanse Taalkunde (prof I Feinauer)	Afrikaanse leksikografieteorie (prof R Gouws)
Afrikaanse en/of Nederlandse film en/of drama (dr W Anker)	Moderne Nederlandse letterkunde (dr A Schaffer)
Afrikaanse poësie (dr A Marais)	Afrikaanse Skeppende Skryfkunde (dr W Anker)
Literêre teorie en Afrikaanse literatuur (dr A Marais/prof A Visagie/dr W Anker/dr A Schaffer)	Afrikaanse teksanalise (dr A Marais)
Metodologie van Afrikaanse taalverwerwing (dr E Adendorff)	Formele Afrikaanse Taalkunde (prof R Gouws)
Taalburgerskap en Afrikaans (mnr M Swart)	Navorsingswerkstuk (verpligtend)



Eerste semester Afrikaans en Nederlands 2022

Navorsingsmetodologie (verplichtend) (dr A Marais, mee Marike Snyman van der Watt en Maret Blom de Wet)

Die doel van die semestermodule Navorsingsmetodologie is om studente toe te rus om die verpligte navorsingswerkstuk te kan beplan en skryf. Studente sal deur die loop van die eerste semester deurlopend aan hulle navorsingsvoorstelle werk; die lesings word dan ook so beplan om die ontwikkeling van die voorstel te begelei. Die einddoel is dat studente 'n volledige navorsingsvoorstel met wetenskaplike meriete aan die Departement kan voorlê en ook die skryf van die navorsingswerkstuk met groter selfvertroue kan aanpak. Etiese aspekte en die proses van etiese klaring word ook toegelig.

Toegepaste Afrikaanse taalkunde (prof I Feinauer)

In hierdie module word studente toegerus met die nodige kennis om hulle vaardighede as vertalers te slyp. Meer spesifieke doelstellings sluit onder andere in om:

- studente te help om die praktiese vertaalproses te verstaan. Dit behels byvoorbeeld die analise van brontekste, die oplos van vertaalprobleme en die revisie van vertaalde tekste;
- riglyne vir praktiese vertaling te gee, insluitend die gebruik van hulpbronne en hulpmiddels;
- die nodige teoretiese begroning vas te lê vir beter vertaalpraktyk, maar ook om oor praktiese vertalings te kan reflekteer

Studente sal heelwat praktiese opdragte en ook heelwat leeswerk moet doen.

Evaluering: Klasdeelname, klasaanbiedings, praktiese vertalings, klastoetse en werkstukke.

Afrikaanse en/of Nederlandse film en/of drama (dr W Anker)

In hierdie module kom 'n aantal Afrikaanse en/of Nederlandse dramas en/of films aan bod. Die dramas en films sal binne bepaalde teoretiese en sosiaal-historiese kontekste bespreek word.

(LW: Die films sal nie in klastyd vertoon word nie.)

Evaluering: Klasdeelname, kleiner klasopdragte, klasaanbieding, een klein werkstuk (met herskrywings-geleentheid) en een groot werkstuk.

Afrikaanse poësie (dr A Marais)

Die oorhoofse doelstelling van hierdie module is om studente in staat te stel om 'n seleksie van Afrikaanse digbundels van uiteenlopende aard op 'n akademies verantwoorde wyse te lees en te analiseer. Die uitgangspunt by die keuse van bundels (waarin studente ook inspraak sal hê) sal wees om studente aan diverse stemme en style bekend te stel, en ook om 'n balans tussen die ouer en jongste digkuns te probeer handhaaf. Aandag word in die kursus bestee aan die analise van gedigte en bundels aan die hand van gepaste teoretiese raamwerke, terwyl die konteks waarbinne die bundel aanvanklik verskyn en intussen aan herskrywing (volgens Lefevre se beskrywing) onderwerp is, 'n belangrike rol speel.

Die skryf van 'n wetenskaplik begronde resensie oor 'n digbundel is 'n verdere doelstelling, sodat studente ook voorberei word om op dié vlak aan die Afrikaanse poësisisteme deel te neem.

Evaluering: Klasdeelname, klasvoordrag en een groot werkstuk (met kans vir herskrywing).

Literêre teorie en Afrikaanse Literatuur (dr A Marais/prof A Visagie/dr W Anker/dr A Schaffer)

In hierdie module word daar ondersoek ingestel na 'n aantal literêr-teoretiese benaderings wat toepaslik is by die lees van literêre tekste en probleem-situasies in die literêre praktyk. Die toepassingsmoontlikhede van die literêr-teoretiese benaderings op voorbeelde uit die Afrikaanse en wêreldliteratuur sal in die module bespreek word. Spesifieke aandag sal uitgaan na genderstudies, postkoloniale teorie, psigoanalise en skisoanalise.

Evaluering: Klasdeelname, kleiner klasopdragte, klasaanbieding, twee werkstukke.

Metodologie van Afrikaanse taalverwerwing (dr E Adendorff)

Die veld van taalverwerwing het die afgelope klompie jare geweldig gegroei: nie net internasionaal nie, maar ook nasionaal. Die module fokus op die taakgebaseerde benadering, wat as een van die hoofbenaderings tot taalaanleer en -onderrig beskou word. Die aspekte wat bespreek word, is onder meer behoefte-analises, sillabusontwerp, kultuur en taalverwerwing, hibriede leer. Die module is gemik op studente wat in 'n onderwysrigting belangstel en/of wat belangstel in die leer en onderrig van tale.

Evaluering: Klasdeelname, kleiner klasopdrag(te), praktiese voorbeelde, groot werkstuk.

Taalburgerskap en Afrikaans (mnr M Swart)

Taal en menslike interaksie is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Vanweë hierdie fundamentele rol wat taal speel in die vorming van mense se identiteite, (ver)houdings en persepsies, kan dit nie los van sosiale realiteite, magsverhoudinge of die politiek bestudeer word nie. In hierdie module word die verbande tussen taal en ander aspekte van die sosiale en politieke lewe bestudeer, sowel teoreties as prakties, deur die ondersoek deurgaans in verband te bring met die nosie "taalburgerskap" binne die Afrikaanse taalgemeenskap. Die verbande tussen taalbeleid, -beplanning, -gedrag, -burgerskap en taal as sodanig sal ondersoek en geïntegreer word. Moontlike fokuspeunte waaruit geselekteer kan word en wat aan die hand van klasgesprekke bygewerk sou kon word, sluit in:

- Taal, kultuur en identiteit
- Taal, mag en bemagtiging
- Die taalpolitiek van Afrikaans
- Taalbeplanning in Suid-Afrika en Afrika
- Globalisering en taal(beplanning)

Evaluering: Twee werkstukke, klasdeelname en kleiner opdragte

Tweede semester Afrikaans en Nederlands 2022

Afrikaanse prosa (prof A Visagie)

Die module Afrikaanse prosa fokus op ontwikkelings in die Afrikaanse prosa sedert 2000 met nadruk op prosatekste wat as hoogtepunte in die Afrikaanse literatuur gereken kan word. Die module begin met 'n studie van Marlene van Niekerk se roman *Agaat* (2006) as 'n baken in die Afrikaanse prosa van die huidige eeu. Heel resente tekste soos Lodewyk G. du Plessis se bekroonde roman *Die Dao van Daan van der Walt* (2018), Ingrid Winterbach se *Voorouer. Pelgrim. Berg.* (2021) en *Dol heuning* van S.J. Naudé geniet ook aandag. Die voorgeskrewe tekste (romans sowel as kortverhaalbundels en niefiksionele tekste) word bespreek vanuit 'n literêr-sistemiese, teoretiese en sosiaal-historiese perspektief. Die tekste word bespreek in aansluiting by literêr-teoretiese ontwikkelings soos die postkolonialisme, genderstudie en die mens-dier-studie.

Evaluering: Klasdeelname, een korter werkstuk (met herskrywingsgeleentheid) en een groot werkstuk.

Afrikaanse leksikografieteorie (prof R Gouws)

Ons kyk in hierdie kursus na woordeboeke as draers van tekssoorte. Binne die teorie van leksikografiese tekste word 'n woordeboek as 'n tekssoortdraer beskou waarin 'n verskeidenheid funksionele en nie-funksionele tekste verskyn. Die fokus is op die raamstruktuur van woordeboeke en veral op die rol wat geïntegreerde buitetekste speel. Die teoretiese benadering van hierdie kursus is nie net op een bepaalde woordeboeksoort gerig nie, maar die klem sal tog swaarder op verklarende woordeboeke, veral omvattende woordeboeke wees. Die nuutste deel van die WAT word as primêre voorbeeld in die bespreking gebruik.

Evaluering: Werkopdragte.

Moderne Nederlandse letterkunde (dr A Schaffer)

In hierdie module kyk ons na enkele van die jong, nuwe rolspelers in die Nederlandstalige poësie. Sedert die begin van die hierdie eeu is daar 'n hele aanwas van jong digters (en skrywers) wat belangrike en belangwekkende werk publiseer, en heel dikwels is dit jong vroue: digters soos Radna Fabias, Dominique De Groen, Simone Atangana Bekono, Asha Karami, Lieke Marsman, Hannah van Binsbergen en Ester Naomi Perquin. Ons lees dus in feite die Nederlandse en Vlaamse ekwivalente van Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal, Jolyn Phillips en Bibi Slippers. Die fokus val in hierdie reeks veral op die poësie; per klas bespreek ons telkens een digbundel. Ons gaan ook 1 roman lees en bespreek. As 'n teoretiese raamwerk en agtergrond maak ons onder andere gebruik van 'n onlangs gepubliseerde studie oor 24 van die belangrikste nuwe digters in die Nederlandse taal, *Dichters van het nieuwe millennium*. Die tekste wat ons lees word beskou teen die agtergrond van politiek-filosofiese begrippe soos "metamodernisme" en die nosie van "kuns en betrokkenheid". Ons sluit die reeks af met 'n resente Nederlandse film.

Evaluering: Klasdeelname, een klein werkstuk (met 'n klaspresentasie en 'n herskrywingsgeleentheid), en een groot werkstuk.

Skeppende Skryfkunde (dr W Anker)

Hierdie module word rondom die behoeftes van die studente in 'n bepaalde jaar gevorm en mag aangepas word van die gebruiklike formaat soos hieronder uiteengesit word:

In die eerste helfte van die module word gefokus op die skryf van prosa. Deurlopende skryfoefeninge en leesverslae word ingelewer en 'n kortverhaal word geskryf waaraan deur die loop van die kwartaal gewerk word.

In die tweede kwartaal word gefokus op die skryf van poësie. Behalwe die deurlopende skryfoefeninge en leesverslae soos in die eerste kwartaal, skryf studente 'n siklus gedigte waaraan deur die loop van die kwartaal gewerk word.

Studente skryf ook 'n akademiese werkstuk wat fokus op die skryf tegniese aspekte van 'n voorgeskrewe poësie- of kortverhaalbundel.

Evaluering: Klasdeelname, kort klasoefeninge, 'n kortverhaal en 'n reeks gedigte, asook 'n formele werkstuk.

Afrikaanse teksanalise (dr A Marais)

Studente maak in hierdie module kennis met die interdisiplinêre wêreld van die tekswetenskap, ten einde 'n grondige begrip van tekste binne bepaalde kontekste en met inagneming van magsverhoudings en ander ideologiese faktore te verkry. Daar word gesteun op teoretiese insigte vanuit verskillende dissiplines, waaronder die kommunikasiewetenskap, tekslinguistiek, stilistiek, kritiese diskoersanalise en multimodale diskoersanalise.

Tekste behorende tot verskillende genres, en wat steun op meer as een modus van betekenisgeving, sal op wetenskaplike wyse geanaliseer word. Die aanbod sal byvoorbeeld insluit bedryfstekste (bv. verslae, voorleggings), bemarkingstekste, wetenskaplike geskrifte, kortverhale, resensies, artikels, essays en internettekste (bv. blogs). Studente sal ook die geleentheid kry om data te versamel en te analiseer wat betrekking het op die volgende kwaliteitsbepalende aspekte van tekste: aandagtrekkende potensiaal, waardering van die teks, verstaanbaarheid van die inligting, toeganklikheid van die inligting, die verwantskap tussen verskillende modusse asook die verwesenliking van 'n teks se doelwitte.


Evaluering: Klasdeelname, 'n klasvoordrag en een groot werkstuk (met herskrywingsgeleentheid).

Formele Afrikaanse Taalkunde (prof R Gouws)

Afrikaanse sintaksis kom in hierdie module aan die bod. Die fokus is op komplekse sintaktiese prosedures, spesifiek onderskikking en neweskikking. Aspekte van die wisselwerking tussen sintaksis en semantiek word bespreek. In neweskikkingskonstruksies word daar uitvoerig aandag gegee aan verskillende tipes identieke stukskrupping. Nogmaals is die verhouding tussen sintaksis en semantiek ter sprake.

Evaluering: Klasdeelname, kleiner klasopdragte asook een groot werkstuk.

Buigsame assessering



'n Stelsel van buigsame assessering geld vir Afrikaans en Nederlands Honneurs. Daar is dus geen eksamen in November 2022 nie, maar die prestasiepunte word saamgestel uit al die punte wat in die loop van die jaar behaal is vir toetse, werkstukke en ander opdragte.

Wysiging van modules



Die keuse van die Honneursmodules word reeds aan die begin van die jaar aangedui en geregistreer. Die **sperdatum** vir die wysiging van modules wat in die tweede semester aangebied word sonder dat daar finansiële implikasies is, is **einde Junie**.

Verdere studie ná Honneurs



Die Departement moedig Honneursstudente aan om verder te studeer en 'n MA-graad te behaal. 'n Honneursstudent kan deur die jaar kumulatief bou aan sy/haar beeld as nagraadse student, nie net wat punte betref nie, maar ook wat akademiese etiek (klasbywoning, stiptheid, getrouheid) betref. Die Departement behou die reg voor om aansoeke af te keur op grond van onvoldoende navorsingspotensiaal.

Die Departement se studentevereniging is by verskillende projekte en geleenthede betrokke, waaronder die publikasie van 'n digbundel. Verdere inligting word in die klas verskaf.